# Einde van Ongesuurde Brood 5786 / 2026

Wanneer ons na die samestelling van Skrif kyk, is daar niks wat toevallig deel daarvan is nie. Elke gebeurtenis het sy plek en rede, net soos die uiteensetting van die weeklikse *parashot*. Dit is ook nie toevallig nie dat ons voor *Pesach* geleer het van die priesters se inhuldiging en dat die tabernakel gereed is om gebruik te word soos *YAH* dit beplan het.

Nadat die tabernakel ingewy en die priesters in hul ampte bevestig is, moes hulle vir sewe dae by die tabernakel deurbring. Ons het alreeds die opdrag gesien in *Sh'mot* 29 en verlede week, in *Vayiqra* 8, het ons geleer hoe daardie opdrag uitgevoer word. Die hoogtepunt is vers 33:

> *Vayiqra* 8 [33]Julle mag vir sewe dae lank nie by die ingang van die Tent van Ontmoeting uitgaan nie; **vir die dae van julle toewyding om vervul te word**. Vir sewe dae lank sal Hy julle hand bevestig. (nadruk bygevoeg)

Die belangrikste woord in hierdie sin is 'vervul' en ons sien hier מְלֹאת (*mâ-Lêt*),'n verbuiging van die Hebreeuse woord מָלֵא (*mâ-Lê*), wat vertaal as 'vul', "om vol te maak", 'volheid', byna soos 'n glas wat tot bo teen die rand met vloeistof gevul word – daar is nie plek vir enigiets anders nie. Ons het verskeie kere in Skrif geleer dat die getal sewe geestelike volheid verteenwoordig. Wat *YAH* dus hier verwag van die nuwe priesters, is 'n aaneenlopende, volhoudende, weeklange waaksaamheid by die ingang van die tabernakel waartydens hulle niks met die res van die volk te doen het nie – geen vermenging met iets of iemand wat nie afgesonderd is nie. Hulle moet volmaak vervul word vir hul taak as afgesonderde priesters. Dit sou ook 'n openbare vertoning wees dat elke vorm van priesterlike diens in die toekoms die gevolg sou wees van *YAH* se opdragte en nie hul persoonlike ondernemingsgees nie. Neem die geval van *Aharon* se twee oudste seuns wat onmiddellik gesterf het as gevolg van "vreemde vuur" – dalk iets soos "goeie bedoelings".

Drie offerandes moes gebring word vir die priesters se afsondering – sondoffer, brandoffer en graanoffer. Hierdie laaste offer, die dankoffer, kan ook gesien word as 'n gemeenskapsoffer, as gevolg van die seën wat *Aharon* kort daarna oor die volk uitspreek. Hulle teenwoordigheid by die tabernakel was nodig om vir die volk aan te dui dat slegs die aangestelde priesters bevoeg sou wees om offerandes van enige aard te bring – slegs die priesters sou bemiddeling kon doen tussen 'n afgesonderde *Elohim* en 'n sondige volk. Ons leer die volgende:

> Hebreërs 9 [22]omdat alles met bloed gereinig word volgens die geskrewe wet en sonder die stort van bloed is daar geen vergifnis nie.

Die Hebreeuse woord vir 'afgesonderd' is קֹדֶשׁ (*qô-Desh*), ook bekend by sommige as 'heilig'. Dit beteken om opsy gestel te word vir iets (**Iemand**) wat spesiaal is. In hierdie geval is 'n klompie normale mense afgesonder wat diens in die tabernakel sou verrig, net soos elke mens op aarde geplaas is om 'n spesifieke taak te verrig. Dit beteken nie dat 'n afgesonderde persoon slimmer, sterker of mooier is as ander wat nie afgesonder is nie – dit dui op 'n keuse van lewenswandel soos geroep deur *Ruach haQodesh*. *Yeshua* het ons fisies kom leer wat *YAH* van ons verwag; hy het dit volmaak gedoen, selfs met sy lewe daarvoor geboet. Derhalwe sal ons lewe nie in die verderf eindig nie, mits ons by daardie voorwaardes hou en in *Yeshua* se voetspore volg. Ons sal opgewek word in 'n soortgelyke verheerlikte liggaam soos wat *Yeshua* ontvang het ongeveer 2 000 jaar gelede. Hy was inderdaad die offer van Eerste Vrugte en het homself as Waaioffer voor *YAH* aangebied, aanvaarbaar omdat hy 'n sondelose en rein, afgesonderde lewe gelei het, te midde van 'n warboel van boosheid rondom hom.

Ons het sopas sewe dae van afsondering ervaar deur die eet van ongesuurde brood, soos ons uit Skrif leer. Dit moes egter ook dae van afsondering wees van onrein gedagtes, ongeoorloofde handelstransaksies, selfs onvergewensgesindheid – waarvan die laaste ons kan lei tot die opkomende fees van *Yom Kipur.* Uit hierdie

afgelope sewe dae moes ons leer dat die dae wat na hierdie vir ons voorlê, nadat die son vanaand gaan slaap het, nie veroorsaak dat ons "goeie bedoelings", ons afgesonderdheid, ook gaan slaap nie. Dit moet iets wees wat daagliks saam met ons gaan, soos ons skaduwee, soos ons sintuie. Ons sal nooit perfek en standvastig kan wees nie, totdat *Yeshua* kom, maar dit mag nie 'n verskoning wees nie. Daar moet voortdurend 'n strewe daarna wees om *YAH* te behaag in alles wat ons doen. Terloops, die "goeie bedoelings" van vroeër is eintlik niks anders nie as 'n verskoning om aan te hou met jou eie begeertes, die pad van leuens en ongehoorsaamheid. Laai gerus hierdie insiggewende artikel af van Johan Kriel; dalk sien jy jouself in die spieël...

Atlete, musikante, skilders en mense in vele soortgelyke beroepe bereik nie hul beste deur agteroor te sit en wag dat dinge gebeur nie. Hulle oefen, ondersoek, leer en bestudeer die tegnieke van hul voorgangers wat alreeds hoë sporte bereik het. Ons mag nooit toelaat dat ons studie van Skrif agterweë bly nie. Soos ons daagliks nodig het om etes voor te berei, moet ons tyd inwerk om ons siele te voed – nie net 'n vinnige 5 minute voor slaaptyd of terwyl jy jou tande borsel nie. Daar moet voldoende tyd ingeruim word om *YAH* se Woord oop te maak met die verwagting om iets te leer, om Hom te ontmoet en meer te weet van Hom wat ons op aarde geplaas het met die doel om Hom te dien, om *tov* te wees vir Hom. Ons moet elke dag oefen, ondersoek, leer en bestudeer deur middel van die openbaring wat *Ruach haQodesh* ons mee toerus. Dit is ook nie iets wat oornag gebeur nie, maar oor 'n tydperk, net soos met atlete, musikante en elke ander bedryf waarin spesifieke vaardighede vereis word. Ons kan *YAH* nie dien op ons eie manier nie en daarom mag ons nooit toelaat dat enige terugslae ons studie van Skrif in die wiele ry nie. Die Engelse spreekwoord is hier sterk van toepassing: "If at first you don't succeed, try and try again!"

*Yeshua* het nooit moed opgegee en opgehou om mense te leer van *YAH* se Woord nie, al het die meeste van hulle soms net weggeloop en selfs sy eie *talmidim* hom in die steek gelaat toe hy verraai is. Hy het daagliks voortgegaan met sy leringe en vergelykende verhale, elke *Shabbat* sy plek volgestaan tydens byeenkomste. Hy het ook nie toegegee aan versoekings nie, nog minder het hy met vakansie gegaan of lang naweke op die strand of in die bosveld deurgebring. Indien hy dit egter sou doen, sou hy steeds die Woord van *YAH* verkondig het.

Ironies dat die ortodokse 'Jode' aan die einde van Ongesuurde Brood 'n fees vier by name "*Moshiach se'udah*", ook bekend as "The festival of the future". Hulle beskou die fees van *Pesach* slegs as "verlossing uit *Mitzrayim*", en op die agste dag, aan die einde van die sewe dae van afsondering, word hierdie fees gevier waartydens hulle uitsien na die koms van die *Moshiach*, die gesalfde een. Dit is 'n baie blymoedige en gesellige geleentheid met vier glase wyn (soos tydens *Pesach*), asook baie ongesuurde eetgoed en lekkernye. Terwyl hulle hulself tans beskou as in geestelike ballingskap, kyk hulle terug op hul lewens van veelvuldige uitdagings, maar hulle sien met opgewondenheid uit na die dag wanneer *Moshiach* sal kom en alle probleme en uitdagings eensklaps laat verdwyn.

Ons het baie meer om na uit te sien, daarom stem dit ons hartseer om te dink dat mense by wie ons baie van Skrif kan leer, mense wie se voorsate direk met *YAH* in kontak sou wees, aangesig tot aangesig, weier om *Yeshua* raak te sien en erken. Hulle lees van die *Moshiach* dwarsdeur die hele *TaNaKh*, waarvan een van die beste voorbeelde deur *Mosheh* neergepen is:

> *D'varim* 18 [15]יהוה, jou *Elohim*, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister

Hulle weet dat *Moshiach* moet kom, maar besef nie dat dit alreeds 2 000 jaar gelede gebeur het en hulle voorsate hom verwerp het nie; dat hy weer sal kom, die tweede keer – wanneer *YAH* se tyd gunstig is. Dit is een van die redes waarom ons ernstig moet aanhou intree vir ons broer *Y'hudah*, hom jaloers maak soos ons leer in Skrif en ook onthou: ons is slegs ingeënt in die ware Olyfboom. Ons mag oor niks spog nie en is geseënd om hierdie weg te mag wandel, daarom moet ons dit doen met volle oorgawe.

Met sononder kom ons aan die einde van die eerste feesseisoen van hierdie siklus. Vir sommige mag dit die eerste keer wees, terwyl ander alreeds goed hierin gesout is. Ongeag, moet dit altyd voel soos 'n nuwe ervaring. Alhoewel ons na vandag kan terugkeer na gesuurde brood en dies meer, kom ons nie aan die einde van ons bediening as priesters nie. Inteendeel, dit begin van voor af in alle erns. Dit is waar ons nie vreemde vuur voor *YAH* bring nie, waar ons lees, verstaan, leer en optree soos Skrif ons leer. Slag jou geestelike skapie in dankbaarheid, bring lof aan ons Skepper-*Elohim* vir Sy seun wat deurgegaan het wat nie een van ons sou doen nie, moontlik nie eens vir ‘n eggenote of ons kinders nie. Bring elke vorm van dank aan *Yeshua* vir sy onbaatsugtige optrede en doen wat hy gedoen het: verkondig die Woord van *YAH* oral waar jy gaan. Soms mag jy selfs woorde gebruik, indien nodig.

Ons seënwense aan elkeen wat saam met ons hierdie wonderlike fees kon ervaar, hetsy in persoon of in die gees. Mag elkeen se pad vorentoe gesaai wees met die voorsiening en beskerming van die enigste, almagtige Skepper-*Elohim*!

Hein Zentgraf
theway146@silvertrumpet.net

21 *Aviv* 5786 / 8 April 2026

Hierdie is op versoek in Engels beskikbaar, asook op ons webblad.